

GESKIEDENIS EN FILOSOFIE

B J Liebenberg

Universiteit van Suid-Afrika

Die verhouding tussen Geskiedenis en Filosofie is van 'n heeltemal ander aard as die verhouding tussen Geskiedenis en vakke soos Antropologie, Aardrykskunde en Ekonomie. Dit blyk trouens uit die feit dat daar iets soos 'n filosofie van geskiedenis bestaan, maar dat daar nie iets soos 'n antropologie, 'n aardrykskunde en 'n ekonomie van geskiedenis bestaan nie. Die rede vir hierdie verskil lê in die aard van die vak Filosofie. Waar die ander vakke, soos Antropologie, Aardrykskunde en Ekonomie, gerig is op *een* aspek van die mens se doen en late is Filosofie gerig op *alle* aspekte van die mens se doen en late. Filosofie is besinning nie net op die aard van *een* vak nie, maar op die aard van *alle* vakke. Filosofie is 'n totaliteitswetenskap. Filosofie moet 'n antwoord gee op vrae soos die volgende. Wat is die verskille en ooreenkomste tussen die onderskeie vakke? Wat is die grense van die onderskeie vakke? Wat is natuurwetenskaplike, sosiaal-wetenskaplike en geesteswetenskaplike vakke?

Wanneer Filosofie op die aard van Geskiedenis fokus, noem ons dit Filosofie van Geskiedenis. Die woord geskiedenis het egter twee betekenisse. Dit kan aan die een kant beteken geskiedenis-as-werklikheid, d w s die verlede of dit wat in die verlede gebeur het. Dit kan aan die anderkant beteken geskiedenis-as-wetenskap, d w s die verhaal, die studie, die kennis van die verlede. Wanneer ons sê "die geskiedenis herhaal homself" of "die verloop van die geskiedenis word deur ekonomiese faktore bepaal", verwys ons na geskiedenis-as-werklikheid. Ons kan die woord geskiedenis hier net so wel deur die woord *verlede* vervang. Wanneer ons sê "geskiedenis is vervelig" of "die kinders leer net politieke geskiedenis", verwys ons na geskiedenis-as-wetenskap. Ons kan die woord geskiedenis hier net so wel deur die woorde *kennis van die verlede* vervang.

Hierdie twee betekenisse van die woord geskiedenis het tot gevolg dat besinning oor die aard van geskiedenis ook in twee rigtings vertak, nl na inhoud en vorm. Wanneer ons besin oor geskiedenis-as-werklikheid (die verlede) praat ons van spekulatiewe of inhoudelike filosofie van geskiedenis. Wanneer ons besin oor geskiedenis-as-wetenskap (kennis van die verlede) praat ons fan formele of analitiese filosofie van geskiedenis. Die inhoud van hierdie twee groot takke van die filosofie van geskiedenis moet ons nou van nader beskou.

Spekulatiewe of inhoudelike filosofie van geskiedenis

Hoewel die naam *spekulatiewe filosofie van geskiedenis* ietwat neerhalend is, word dit redelik algemeen gebruik — o a deur W H Walsh¹, W H Dray², Peter Munz³ en Karl Acham⁴. Die filosowe A C Danto⁵ en R F Atkinson⁶ verwys na hierdie tak van die

WH Walsh, *An Introduction to Philosophy of History* (1967), pp. 15 en 26

WH Dray, *Philosophy of History* (1964), p. 1–2.

P Munz, *The Shapes of Time* (1977), p. 7.

K Acham, *Analytische Geschichtsphilosophie* (1974), p. 20.

5. AC Danto, *Analytical Philosophy of History* (1965), p. 1.

6. RF Atkinson, *Knowledge and Explanation in History* (1978), p. 9.

filosofie van geskiedenis as “substantive philosophy of history”. Ander benaminge vir dieselfde ding is “de filosofie der historiese werklikheid of ontologie der geskiedenis”⁷ en “meta-history”⁸.

Enkele van die probleme waarmee die spekulatiewe filosofie van geskiedenis hom besig hou, is die volgende: Wat is die voorwerp van die historikus se studie? Verander die menslike natuur met verloop van tyd? Wat is die oorsaak van verandering in die verlede? Hoe verloop dit: Is daar 'n patroon ('n reëlmaat) in die verlede? Wat is die einddoel (sin) van die geskiedenis, d w s waarop stuur dit af?

Die antwoorde wat geskiedenisfilosowe op hierdie vrae gegee het, moet ons nou kortliks van nader beskou.

(a) *Wat is die voorwerp van die historikus se studie?*

Die voor die hand liggende antwoord op hierdie vraag is: die verlede. Maar *wat* in die verlede? Moet die historikus sowel die menslike as die nie-menslike verlede bestudeer? Sommige, soos H G Wells in sy *Outline of World History* (1920), reken nie-menslike dinge soos die ontstaan van die aarde en die ontwikkeling van plante en diere ook as geskiedenis. Andere, soos Johan Huizinga, is van mening dat nie-menslike ontwikkelinge nie die studieveld van die historikus is nie: “De waarlijk historische conceptie is beperk tot het zich weer inleven in menselijke verhoudingen en menselijke gedachten.”⁹

Waar begin die mens se geskiedenis: met die uitvinding van skrif of reeds vroeër? Sommige meen dat die tydperk toe die mens nie kon skrywe nie tot die pre-historie of voorgeskiedenis gereken moet word. Andere, soos Theodor Schieder¹⁰, meen dat die mens se geskiedenis nog verder terug dateer — tot in die tyd toe hy afbeeldinge op voorwerpe begin maak het.

(b) *Verander die menslike natuur met verloop van tyd?*

Die vraag of die menslike natuur deur die eeue dieselfde gebly het, is vir 'n lang tyd bevestigend beantwoord. Die Engelse filosoof David Hume, wat in die tyd van die *Aufklärung* geleef het, het hom as volg uitgelaat! “It is universally acknowledged that there is a great uniformity among actions of men, in all nations and ages, and that human nature remains still the same, in its principles and operations. The same motives always produce the same actions: the same events follow the same causes. Ambition, avarice, self-love, vanity, friendship, generosity, public spirit: these passions, mixed in various degrees, and distributed throughout society, have been, from the beginning of the world, and still are the source of all the actions and enterprises, which have ever been observed among mankind. Would you know the sentiments, inclinations and course of life of the Greeks and Romans? Study well the temper and actions of the French and English: you cannot be much mistaken in transferring to the former *most* of the observations which you have made with regard to the latter.”¹¹ Sedert Hume hierdie woorde geskrywe het, het die opvatting begin veld wen dat die menslike

JHJ van der Pot, “De Filosofie der Geschiedenis”, in EJ Dijksterhuis, *Scientia*, deel 1 (1956), p. 307
A Bullock in H Meyerhoff, *The Philosophy of History in our Time* (1959), p. 292.

J Huizinga, *Verzamelde Werken*, deel 4 (1949), p. 472.

T Schieder, *Geschichte als Wissenschaft* (1965), p. 25.

D Hume, *Enquiries Concerning Human Understanding* (1975), p. 83.

natuur ook aan verandering onderhewig is. R G Collingwood¹², J H J van der Pot¹³ en W H Walsh¹⁴ is hierdie mening toegedaan, maar dit kan nie gesê word dat hulle die nodige bewyse gelewer het nie.

(c) *Wat is die oorsaak van verandering in die verlede?*

Op die vraag of daar in die verlede 'n basiese oorsaak, krag of faktor werkzaam was wat die verloop van gebeure bepaal het, het talle geskiedenisfilosowe bevestigend geantwoord. Oor wat die aard van hierdie basiese oorsaak, krag of faktor is, bestaan daar egter verskil van mening.

Daar is in die eerste plek die *teologiese* determinisme, d w s die opvatting dat God die geskiedenis in 'n bepaalde rigting stuur. 'n Voorbeeld van hierdie opvatting vind ons in die Fransman J B Bossuet se geskrifte. Wanneer God behoefte het aan veroweraars, aldus Bossuet, dan sorg Hy dat diegene wat Hy uitverkies het die oorwinning behaal. Nog 'n voorbeeld van hierdie opvatting vind ons in talle beskrywings van die slag van Bloedrivier waar uitdruklik verklaar word dat God in die geveg ingegryp het om aan die Voortrekkers die oorwinning te besorg.

'n Tweede vorm van determinisme is *geestelik* van aard. Een voorbeeld van hierdie opvatting vind mens in die geskrifte van Hegel. Die oorsaak van alle verandering is volgens hom "die Vernunft", d w s die rede of gees of verstand wat dialekties voortskei na groter vryheid. Nog 'n voorbeeld van geestelike determinisme vind 'n mens by Leopold von Ranke. Die basiese oorsaak van verandering is volgens hom geleë in ideë.

In die derde plek kry 'n mens ook 'n *psigiese* determinisme. 'n Voorstander hiervan was Karl Lamprecht. Die basiese dryfkrag in die geskiedenis is volgens hierdie Duitse historikus die kollektiewe psigiese toestand wat daar in 'n volk bestaan. Hierdie kollektiewe psigiese toestand bepaal volgens hom alle uitingsvorme van kultuur: godsdiens, kuns, politiek, ens.

'n Vierde vorm van determinisme is *geografies* van aard. Hiervolgens is die geografiese omgewing die basiese oorsaak van verandering in die geskiedenis. 'n Voorbeeld van hierdie opvatting vind 'n mens in die geskrifte van die Fransman P Mougeolle. Volgens hom is "le milieu" die eintlike oorsaak van verandering in die geskiedenis.

As 'n vyfde vorm van determinisme kan ons die *ekonomiese* determinisme vermeld. Verreweg die belangrikste voorstander hiervan was Karl Marx. Volgens Marx is die basiese oorsaak van alle verandering in die verlede ekonomies van aard. As die ekonomiese basis (die *Unterbau*) verander, sal alle ander menslike geestesaktiwiteite, ideologie (die *Überbau*) ook verander.

(d) *Is daar 'n patroon in die verlede?*

Op die vraag of daar 'n patroon, 'n reëlmaat of 'n ritme in die gang van die geskiedenis is, het sommige nee en andere ja geantwoord.

Onder diegene wat nee geantwoord het, tel Theodor Lessing en H A L Fischer.

12. RG Collingwood, *The Idea of History* (1951), p. 84–85.

13. JHJ van der Pot, "De Philosophie der Geschiedenis" in EJ Dijksterhuis, *Scientia*, deel 1 (1956), p. 315–316.

14. WH Walsh, "The Constancy of Human Nature" in HD Lewis, *Contemporary British Philosophy* (1976), p. 274–291.

In sy boek *Geschichte als Sinngebung des Sinnlosen* (1921) verklaar Lessing dat hy geen patroon in die geskiedenis kan sien nie. H A L Fischer se veel aangehaalde woorde, in die voorwoord van sy *A History of Europe* (1936), lui as volg: "Men wiser and more learned than I have discerned in history a plot, a rhythm, a predetermined pattern. These harmonies are concealed from me. I can see only one emergency following upon another as wave follows upon wave ..."

Onder diegene wat van mening is dat daar wel 'n patroon, 'n reëlmaat of 'n ritme in die verlede bespeur kan word, tel Hegel, Marx, Spengler en Toynbee. Volgens Hegel en Marx beweeg die geskiedenis in 'n reguit lyn voort. Spengler en Toynbee is van mening dat die geskiedenis in sirkels beweeg.

(e) *Wat is die einddoel (sin) van die geskiedenis?*

As ons vra wat die einddoel (sin) van die geskiedenis is, gebruik ons die woord geskiedenis in 'n ongewone of abnormale betekenis. Dit beteken hier nie die verlede of ons kennis van die verlede nie, maar die verloop van die mens se lotgevalle van die begin tot die einde — d w s tot die einde van die mens se bestaan soos ons dit ken. Die woord geskiedenis sluit hier dus verlede en toekoms in.

Onder diegene wat meen dat hulle uit 'n studie van die verlede die einddoel (sin) van die geskiedenis kan aflei, tel Augustinus, Hegel en Marx. Vir Augustinus is die einddoel die wederkoms van Christus. Vir Hegel is die einddoel die bereiking van volmaakte vryheid. Vir Marx is die einddoel die skepping van 'n gelukkige, klaslose samelewing.

Is dit moontlik om die einddoel van die geskiedenis uit 'n studie van die verlede af te lei? Daar bestaan algemene konsensus onder historici en geskiedenisfilosowe dat so iets nie moontlik is nie. Beteken dit dan dat dit sinloos is om na die einddoel van die geskiedenis te vra? Geensins, antwoord geskiedenisfilosowe soos P S Dreyer¹⁵ en K P Fischer.¹⁶

2 Formele of analitiese filosofie van geskiedenis

Die naam *analitiese filosofie van geskiedenis* word redelik algemeen vir die ander tak van die filosofie van geskiedenis gebruik — o a deur A C Danto,¹⁷ R F Atkinson,¹⁸ Karl Acham¹⁹ en M Murray.²⁰ Die filosofe W H Walsh,²¹ W H Dray²² en R H Nash²³ verkies egter die naam "critical philosophy of history". Ander benaminge vir hierdie studieveld is "teorie van geskiedenis"²⁴ en "de filosofie der geschiedwetenschap".²⁵

Enkele van die probleme waarmee die analitiese filosofie van geskiedenis hom besig hou, is die volgende: Is Geskiedenis 'n wetenskap of 'n kuns? Waarom word

PS Dreyer, *Inleiding tot die Filosofie van die Geskiedenis* (1974), p. 233.

KP Fischer, *History and Prophecy* (1977), p. 21.

17. AC Danto, *Analytical Philosophy of History* (1965), p. 1.

18. RF Atkinson, *Knowledge and Explanation in History* (1978), p. 9.

19. K Acham, *Analytische Geschichtsphilosophie* (1974), p. 20.

20. M Murray, *Modern Philosophy of History* (1970), p. 25.

21. WH Walsh, *An Introduction to Philosophie of History* (1967), p. 17.

22. WH Dray, *Philosophy of History* (1964), p. 1–2.

23. RH Nash, *Ideas of History*, vol. 2 (1969), p. xi–xii.

24. PH Zietsman, *Geskiedenisfilosofie* (Unisa, Hons. B.A., Vraestel 2, Gids 2), p. 5.

25. PHJ van der Pot, "De Filosofie der Geschiedenis" in EJ Dijksterhuis, *Scientia*, deel 1 (1956), p. 333

geskiedenis van tyd tot tyd herskryf? Kan geskiedenis objektief wees? Mag die historikus morele oordele uitspreek? Hoe selekteer die historikus sy feite?

Die antwoorde wat geskiedenisfilosowe op hierdie vrae gegee het, moet ons nou kortliks van nader beskou.

(a) *Is Geskiedenis 'n wetenskap of 'n kuns?*

Op hierdie vraag het geskiedenisfilosowe teenstrydige antwoorde gegee. "History", aldus J B Bury, "is a science, no less and no more."²⁶ Die Italianer Benedetto Croce was weer van mening dat geskiedenis onder die begrip kuns georden moet word.²⁷ Sedert Bury en Croce het baie ander op hierdie vraag 'n antwoord gegee. Geskiedenis is soms saam met die natuurwetenskappe, soms saam met die sosiale wetenskappe en soms saam met die geesteswetenskappe geklassifiseer.

(b) *Waarom word geskiedenis van tyd tot tyd herskryf?*

Daar bestaan meer as een rede waarom geskiedenis nie finaal kan wees nie en herhaaldelik herskryf moet word. Een rede is dat daar met verloop van tyd nuwe bronne ontdek word wat nuwe lig op 'n gebeurtenis in die verlede gooi. Nog 'n rede is dat verskillende historici verskillende vertolkings kan gee van dieselfde gebeurtenis. 'n Derde rede is dat ons perspektief op die verlede met verloop van tyd verander.

(c) *Kan geskiedenis objektief wees?*

Die vraag of geskiedenis objektief kan wees, is 'n vraag waarop iedere historikus, ook daardie historikus wat niks met die filosofie van geskiedenis te make wil hê nie, 'n antwoord moet kan gee. Dit raak trouens die hart van sy vak. Dit is egter nie 'n maklike vraag nie. Dit is, so verklaar W H Walsh, "at once the most important and the most baffling topic in critical philosophy of history".²⁸

Watter antwoorde is op die vraag gegee? Sommige, soos F A van Jaarsveld,²⁹ Sidney Hook³⁰ en J A Passmore³¹ is van mening dat historiese kennis wel objektief kan wees. Andere, soos Charles Beard,³² Carl Becker³³ en L B Namier,³⁴ is van mening dat historiese kennis nie objektief kan wees nie.

(d) *Mag die historikus morele oordele uitspreek?*

Lord Acton was daar oortuig van dat die historikus dit mag doen, trouens nie net mag doen nie, maar moet doen. In 1895 het hy in sy intreerede aan die Universiteit van Cambridge verklaar: "I exhort you never to debase the moral currency, but to try others by the final maxim that governs your own lives, and to suffer no man and no

26. F Stern, *The Varieties of History* (1960), p. 210.
 27. RG Collingwood, *The Idea of History* (1951), p. 191.
 28. WH Walsh, *An Introduction to Philosophy of History* (1967), p. 93.
 29. FA van Jaarsveld, *Moderne Geskiedskrywing* (1982), p. 108.
 30. S Hook, *Philosophy and History* (1963), p. 259 en 267.
 31. WH Dray, *Philosophical Analysis and History* (1966), p. 91.
 32. RH Nash, *Ideas of History*, vol. 2 (1969), p. 162–176.
 33. *Ibid.*, pp. 177–192.
 34. F Stern, *The Varieties of History* (1960), p. 379.

cause to escape the undying penalty which history has the power to inflict on wrong."³⁵ Sedert Acton het talle historici en geskiedenisfilosowe oor die voordele en nadele van morele oordele in die geskiedskrywing besin. Daar kan egter nie gesê word dat daar eenstemmigheid bereik is nie. Herbert Butterfield is van mening dat die uitspraak van morele oordele in die geskiedskrywing "the most useless and unproductive of all forms of reflection" is.³⁶ E H Carr is ook van mening dat dit nie die historikus se taak is "to pronounce moral judgments on the private lives of individuals who appear in his pages."³⁷ Andere, soos Arthur Marwick,³⁸ Adrian Oldfield,³⁹ en C V Wedgwood⁴⁰ is egter van mening dat dit die historikus se goeie reg is om morele oordele te fel.

(e) *Hoe selekteer die historikus sy feite?*

Elke gebeurtenis in die verlede wat deur die historikus beskrywe word, is oneindig meer gekompliseerd as sy weergawe daarvan. Die historikus kan onmoontlik alles vermeld wat daar gebeur het. Hy kies uit die aantal feite tot sy beskikking slegs dié wat hy as belangrik beskou en in sy verhaal wil opneem. Hy selekteer dus. Maar hoe selekteer hy? In die debat wat sedert die begin van hierdie eeu oor hierdie vraag gevoer is, is daar twee, op die oog af onversoerbare, antwoorde gegee. Volgens die een opvatting is die kriterium van seleksie die belangrikheid van 'n feit vir die verdere verloop van die geskiedenis. Die historikus kies dus daardie feite wat belangrike gevolge gehad het. Teenoor hierdie opvatting staan 'n ander, waarvolgens die kriterium vir seleksie die belangrikheid is wat 'n feit vir kultuurwaardes het. Die historikus kies dus daardie feite wat hy as belangrik ag vir die politiek, godsdiens, kuns en ander kultuurgebiede. Eduard Meyer, Maurice Mandelbaum en Hans Freyer was van mening dat die historikus sy feite selekteer op grond van oorsaaklike belangrikheid. Heinrich Rickert, Max Weber en R G Collingwood was van mening dat die historikus sy feite selekteer op grond van kulturele belangrikheid.⁴¹

3. *Wat is die waarde van die filosofie van geskiedenis vir die historikus?*

Daar bestaan by sommige historici 'n afkeer in die filosofie van geskiedenis — in sowel die spekulatiewe filosofie van geskiedenis as die analitiese filosofie van geskiedenis. Die Franse historikus H-I Marrou wil byvoorbeeld van die spekulatiewe geskiedenisfilosowe weet: "What do you know about this history that you mention so glibly, and *how* do you know it?"⁴² Die Engelse historikus G R Elton se geringskatting van die analitiese filosofie van geskiedenis blyk uit sy stelling dat "a philosophic concern with such problems as the reality of historical knowledge or the nature of historical thought only hinders the practice of history."⁴³

Ontleed 'n mens die vyandige uitlatings van historici teenoor die filosofie van geskiedenis dan blyk dit byna altyd dat hierdie uitlatings die gevolg is van òf 'n profes-

35. GP Gooch, *History and Historians in the Nineteenth Century* (1952), p. 361.

36. H Butterfield, *The Whig Interpretation of History* (1973), p. 79.

37. EH Carr, *What is History?* (1962), p. 70.

38. A Marwick, *The Nature of History* (1968), pp. 102 en 151.

39. A Oldfield, "Moral Judgments in History", *History and Theory*, 20(3), 1981, p. 260–277.

40. CV Wedgwood, *Truth and Opinion* (1960), p. 42–54.

41. BJ Liebenberg, "Wat is belangrik in die geskiedenis?", *Historia*, 8(4), Des. 1963, p. 253–276

42. HI Marrou, *The Meaning of History* (1966), p. 17.

43. GR Elton, *The Practice of History* (1969), p. vii.

sionele afguns teenoor vreemdelinge wat hulle die reg aanmatig om te wil saampraat oor geskiedenis òf 'n minderwaardigheidsgevoel teenoor die spekulatiewe filosofe se omvattende kennis van die verlede en die analitiese filosofe se bedrewenheid in die veld van abstrakte analises en konstruksies.

Teenoor hierdie historici wat die mening toegedaan is dat die historikus niks uit die filosofie van geskiedenis kan leer nie, huldig ek die standpunt dat die filosofie van geskiedenis van groot waarde is vir die historikus. Die filosofie van geskiedenis is 'n besinning oor die aard van geskiedenis. Ek hy wat nie die aard van sy vak ken nie, kan nie 'n goeie vakman wees nie.

Wat is die waarde van die spekulatiewe filosofie vir die historikus? Die spekulatiewe filosofie van geskiedenis is, soos ek hierbo aangetoon het, gerig op die geskiedenis-as-werklikheid. Dit formuleer teorieë oor die aard van die geskiedenis-as-werklikheid. Dit is daarom vanselfsprekend dat besinning oor onderwerpe soos die voorwerp van die historikus se studie, die veranderlikheid van die mens se natuur, die oorsake van verandering in die geskiedenis, die reëlmaat in die verloop van gebeurtenisse, en die sin van die geskiedenis, van waarde moet wees vir die historikus.

Die feit dat die groot spekulatiewe geskiedenisfilosofe soms misgetas het, beteken nie dat hulle geen waarde vir ons het nie. Intendeel, hierdie "titanen der wetenskap" soos T J G Locher⁴⁴ hulle noem, het ons gewone historici se insig in die verlede geweldig verryk.

Die historikus Leo Gershoy skryf in hierdie verband: "Nor could one honestly deny that the great philosophers of history have been catalysts of historical consciousness. One may decry the grandiose systems they have built, their doctrinaire proclamations of laws, and the inevitabilities that they insinuate or overtly state, the dangers to which the abuse or even the use of their doctrines can lead history. Yet we owe much to them. Without the seminal suggestions, say, of a Karl Marx on the relations between economic realities and the superstructure of institutions and culture, without Tocqueville's sustained inquiry into the possibilities and the limitations of historical prognosis, without the exhilarating insights into human behaviour and cultural and societal development of a Vico or a Toynbee, the awareness of the historian concerning his subject would be considerably leaner than it is. They are vital to the existence of working historians. Each philosopher in his own way has enlarged understanding of human action and behaviour which are the stuff of history."⁴⁵

Die waardering wat K P Fischer vir die spekulatiewe geskiedenisfilosofe of "grand-design historians", soos hy hulle noem, het, blyk uit die volgende aanhaling: "To escape from the chaos that is history, men have searched far and wide for a cognitive anchor amidst the confusing welter of detail. The grand-design historians, I believe, have provided us with the most meaningful orientation. They may not have "proved" the scientific validity of their theories, but they have given us breadth of vision, profound insights, and a sense of orientation. Above all, they have taught us that the past is relevant, and that insight into the past is approximately proportionate to vision of the future ... The time has come, I believe, for a revival of the grand style, the style of Spengler and Toynbee."⁴⁶

Peter Munz is van mening dat die verskil tussen spekulatiewe filosofie van geskiedenis en gewone geskiedskrywing slegs een van graad is en dat gewone geskiedskrywing

44. T J G Locher, *Geskiedenis van Ver en Nabij* (1970), p. 43.

45. S Hook, *Philosophy and History* (1963), p. 60.

46. P Fischer, *History and Prophecy* (1977), p. 21.

in die rigting van spekulatiewe filosofie van geskiedenis moet beweeg as dit enige waarde wil hê: "It seems to me that the interest in historical narrative has declined because the narrative has become divorced from the general preoccupation with the philosophy of history. There is no point in particular narratives if they cannot be linked to the general search for meaning."⁴⁷

Wat is die waarde van die analitiese filosofie van geskiedenis vir die historikus? Die analitiese filosofie van geskiedenis is, soos ek hierbo aangetoon het, gerig op die aard van geskiedenis-as-wetenskap. Dit formuleer teorieë oor die aard van geskiedenis-as-wetenskap. Dit is daarom vanselfsprekend dat besinning oor onderwerpe soos die wetenskaplikheid van geskiedenis, die redes vir die herskryf van geskiedenis, die moontlikheid van objektiwiteit in geskiedenis, die toelaatbaarheid van morele oordele, en die wyse waarop die historikus sy feite selekteer, van groot waarde vir die historikus is.

Die historikus wat die filosofie of teorie — die twee woorde het hier dieselfde betekenis — van sy vak bestudeer het, het ongetwyfeld 'n voorsprong bo die historikus wat maar net instinkmatig voort ploeter sonder dat hy mooi nagedink het oor wat, hoe en waarom hy doen wat hy doen.

Die voorsprong wat die teoreties-onderlegde historikus bo sy teoreties-onkundige kollega het, blyk in die eerste plek uit 'n vergelyking van boeke wat verskillende skrywers oor dieselfde onderwerp geskrywe het. Onder die talle skrywers wat byvoorbeeld hul hand aan 'n lewensbeskrywing van Jan Smuts gewaag het, het W K Hancock ongetwyfeld die beste kennis oor die aard van sy vak gehad. Hy het hom trouens oor die aard van sy vak uitgelaat in *Country and Calling* (geen datum) en *Attempting History* (1969). Dat sy biografie van Jan Smuts beter is as dié van H C Armstrong, F S Crafford, S G Millin, J C Smuts Jr, e a, kan nie blote toeval wees nie. Net so kan dit nie blote toeval wees dat die wêreld se grootste geskiedskrywers 'n deeglike kennis van die teorie van hul vak gehad het nie. E H Carr, die skrywer van 'n magistrale werk oor Sowjet-Rusland, was ook die skrywer van *What is History?* (1962). Johan Huizinga, die grootste Nederlandse historikus van die 20ste eeu, het ook *De Wetenschap der Geschiedenis* (1937) geskryf. Friedrich Meinecke, die grootste Duitse historikus van die 20ste eeu se talle geskrifte oor die teorie van sy vak is deels versamel in *Zur Theorie und Philosophie der Geschichte* (1959).

Die voorsprong wat die teoreties-onderlegde historikus bo sy teoreties-onkundige kollega het, blyk in die tweede plek uit polemieke wat historici soms voer oor die gehalte van 'n geskiedenisboek. As voorbeeld kan ek hier verwys na die polemieke tussen dr (tans prof) F A van Jaarsveld en wyle dr T S van Rooyen in die vroeë vyftigerjare.⁴⁸ In hierdie polemieke, waar dit om kwessies soos relatiwiteit, totaliteit en kroniekagtigheid in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing gegaan het, was Van Rooyen nie opgewasse teen Van Jaarsveld nie. Van Jaarsveld was pas terug van Europa waar hy 'n grondige studie van die teorie van sy vak gemaak het. Van Rooyen se kennis van die teorie van sy vak was op daardie stadium so goed as nul — volgens dr G D Scholtz⁴⁹ en soos daarna bevestig deur die patetiese vertoning wat hy in sy polemieke teen Van Jaarsveld gemaak het. Die teoreties-onderlegde Van Jaarsveld kon die teoreties-onkundige Van Rooyen met die grootste gemak platslaan.

47. P Munz, *The Shapes of Time* (1977), p. 9.

48. *Standpunte*, Junie 1953, Des. 1953, Maart 1954, Junie 1954; *Hervormde Teologiese Studies*, Des. 1953.

49. *Die Transvaler*, 5 Maart 1952.